M. BURGER
*Verwysingstegnieke*
Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika
1992, agste hersiening
200pp
R19-67
ISBN 0-86981-754-X

Mev. Marlene Burger is 'n dosent in die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika. Sy het die sewende uitgawe van hierdie publikasie, wat oorpronklik deur P.J.A. Roux, hoofnavorser in die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde, saamgestel is, hersien en geherstruktureer om dit vir die onervare navorser meer gebruikersvriendelik te maak.

Hierdie publikasie sit die drie vernaamste verwysingstegnieke, die Harvard-metode, die gewysigde Harvard-metode en die deurlopende notas/voetnootmetode, logies en georden uiteen. Die doel van die publikasie is om as handleiding vir veral studente, maar ook dosente en ander personeel te dien wat wanneer hulle geskrewe stukke moet saamstel, nie altyd vertroud is met die juiste en aanvaarbare metodes om erkenning te verleen aan inligting wat aan ander bronne ontleen is nie. Dit blyk dat hierdie werk gebore is uit die werklike behoefte aan so 'n publikasie by vakreferente in die Unisa-biblioteek en dosente in verskillende departemente. 'n Publikasie is benodig waarin die standaardmetode/s van erkenning aan bronne uiteengesit en aan studente voorskryf kon word.

Die skrywer wys daarop dat sekere departemente en vakrigtings hulle eie en meer spesifieke verwysingstegnieke aan studente voorhou, terwyl ander departemente en vakrigtings hulle studente weer aanraai om een van die metodes in *Verwysingstegnieke* te gebruik. Die doel van die publikasie is dus bloot net om **riglyne** te voorsien en nie om as die alfa en die omega van verwysingstegnieke te dien nie. In hierdie lig gesien, kan die publikasie moontlik bydra tot 'n groter mate van konsekwentheid en eenvormigheid in die skryf van werkopdragte, tydskrifartikels, proefskrifte en verhandelings.

Die publikasie bestaan, benewens die inhoudsopgawe en voorwoord, uit ses dele waarin die volgende aspekte aangespreek of uiteengesit word: algemene riglyne, die Harvard-metode, die gewysigde Harvard-metode, die deurlopende notas-metode, 'n lys van geraadpleegde bronne en 'n indeks wat na paragraafnommers in die teks verwys. Wat opval en veral nuttig is, is die vernuftige aanwending van kleur om tussen die verskillende dele te onderskei. Elkeen van die besprekings oor die verwysingsmetodes is in 'n ander kleur gedruk: salmkleur, groen en ivoor. Elke deel (algemene riglyne en die drie metodes), beskik ook oor sy eie inhoudsopgawe wat die soektog na 'n spesifieke aspek vergemaklik.

Die eerste deel van die werk, Algemene Riglyne, stel die leser aan die volgende aspekte rakende verwysingstegnieke bekend: die redes en noodsaaklikheid vir erkenning aan geraadpleegde bronne; die tipes verwysingsmetodes; die spesifieke handleidings vir elke betrokke vakdissipline wat studente moet raadpleeg; bronne van bibliografiese inligting met voorbeelde van onder meer titelbladsye; die taal van verwysings; en die gebruik van afkortings in verwysings. Hierdie is 'n baie nuttige bekendstelling.

Na die Algemene Riglyne volg 'n gedetailleerde uiteensetting en verduideliking van elkeen van die drie metodes met genoegsame voorbeelde om dit vir die leser verstaanbaar te maak.

Die publikasie is nuttig en van waarde in die sin dat dit 'n spesifiek geïdentifiseerde behoefte aanspreek en aan die Universiteit van Suid-Afrika gestandaardiseerde riglyne vir verwysingstegnieke verskaf. Die algemene gebruik van hierdie werk word egter deur die aandrang van verskeie vakdissiplines op spesifieke verwysingstegnieke, wat hier en daar in detail, skryfwyse, leestekengebruik en opskrifte van mekaar verskil, in die wiele gery. Die publikasie kan egter met groot vrug deur enige vakdissipline benut word, juis vanweë die deeglike en gedetailleerde aard daarvan.

KARINA SEVENHUYSEN
*Universiteit van Pretoria*